Geliefde Lourensrivierder

Vanaand is die laaste Pinksterbyeenkoms en ek kan maar net weer sprakeloos staan oor hoe die Heilige Gees in hierdie tyd in ons Gemeente beweeg het!! Daar sal ook weer vanaand mooi, vriendelike gesigte wees by die "soppotte van Egipte" en broodjies op die koop toe 😊
Dis ook gelukkig nie die laaste boodskap van Francois Hanekom nie😁 .... Hy bring sy laaste inspirerende boodskap Sondag, 4 Junie @ 09h00 hier by Lourensrivier Gemeente. Moet dit asseblief nie misloop nie.

NUUSKRUMMELS: 01 JUNIE 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ:
Sjoe, was dit nou ‘n awesome Pinkster saam met ons Kiedz 😊 Gaan kyk asseblief na al ons mannewales op ons FB blad. Hier is die skakel:

https://www.facebook.com/pg/OorgeeOmgeeAangee/photos/?tab=album&album_id=1911500169086772

Vanaand sluit ons af met een groot Extreme Makeover Fees saam met Bob the Builder♫♫
Sondag, 4 Junie sal die Kiedz saam met die ouers in die grootkerk wees vir die Pinksterfees.

GEBEDSTAP: 4 JUNIE
Ons kom met tekkies kerk toe. Kies een van 2 stap roetes.

- **Nooi die Heilige Gees om saam met jou te stap – om jou voete en woorde te lei.**
- **Vra die Here om mense en huise te beskerm teen aanvalle van die vyand.**
- **Bid vir ‘Revival in die Strand’ en mense wat terug draai na God.**

Navrae: Joubert van Tonder @ 0829492045

BOBOTIE & GEELRYS KUIER:

ONTHOU groooooot asseblief van die heerlike **AANSIT-ETE** op 23 Junie 2017. Dis die perfekte geleentheid om nuwe mense te leer ken, sterker bande te bou met die wat ons reeds ken en as gemeente een in gees saam te kuier😊
Ons wil dit ’n gesellige saamkuier maak met heerlike Bobotie en Geelrys met groente asook smaaklike poeding vir slegs R50-00.

Pak asb ’n mandjie met julle eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, gaan daar wonderlike verassings wees en ‘n Countrysanger met sy kleindogter wat ons behoorlik gaan vermaak

Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.
Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, maak ons alternatiewe reëlings. Daar is net ‘n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.
Help ons asseblief om ’n sukses van die aand te maak!!!
KAARTJIES sal beskikbaar wees tot 15 JUNIE @ 12h00

BYBEL IN KERK AGTERGEBLY:

KENNISGEWING:
KERKKANTOOR SAL MORE,
2 JUNIE GESLUIT WEES
AS GEVOLG VAN 'N
KRAGONDERBREKEING
DIE HELE DAG

Die Riviertjie

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Liewe lidmaat, as gevolg van 'n geweldige tekort aan dienswerkers & wyksverteenwoordigers asook die veiligheidsaspek daarvan, sal die Riviertjies in die toekoms nie meer by die huise afgelewer kan word nie maar wel by die deure in die kerk beskikbaar wees asook by die kerkkantoor.

Die koerantjie is altyd beskikbaar op ons webwerf, www.lourensrivier.co.za en kan ook per epos aan jou gestuur word.

Ons wil graag so akkomoderend as moontlik wees, dus is jy welkom om die kerkkantoor te skakel by 021 853 5991 om alternatiewe reëlings te tref as jy dit nie by die kerk kan kry of elektronies kan bekom nie.

Dankie dat jy verstaan
Kerkbestuur

Junie 2017 se Riviertjie is nou beskikbaar op ons webwerf:
http://www.lourensrivier.co.za/images/2017dokumente/Riviertjie%20201706.compressed.pdf

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS

Byeenkoms: Do., 8 Jun. @ 09:30, NG Somerset-Wes kerksaal, Andries Pretoriusstr. 77, SW
Pinkstertema met Sop- en Brood ete - Lede R5 en Besoekers R10.
Kontakpersoon: Chris Hollenbach (083-708-4350)

KNIEWERK:

- Bid vir reën, vir SA en volkome toewyding aan ons Here. Dankie Heer vir reën wat reeds geval het!
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Owen Wallis & Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Retha van der Westhuizen se toestand het versleg
- Carel Smit terug in hospitaal
- Monica Lambrechts (HJS) terug in hospitaal
- Anna vd Westhuizen (HJS) steeds in hospitaal
- Hekkie d Villiers in hospitaal – toestand het versleg
- Helen Viljoen in hospitaal
- Arno Geldenhuys vir gesondheid

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

- Jan Volschenk is terug by die huis, dankie Here, maar ons bid nog vir volkome herstel en genesing.

FOKUSTEKS VAN WEEK: 1 Kor. 12:1-13 (PINKSTERFEES EN DIE WEEK DAARNA)

In Joh. 17 het ons gelees van Jesus wat bid vir 'n verhouding van eenheid tussen die gelowiges – mense wat God Drie-Enig as hul Here en Verlosser aanvaar het. Jesus bid vir hierdie groep, hierdie familie van Hom. Sy gebed is dat hulle as familie van gelowiges binne 'n eenheid met die Vader en die Seun en die Heilige Gees sal leef. Nou sê Paulus in 1 Kor. 12 dat elke Christen, elkeen wat deel is van hierdie familie, elkeen wat hulself "Christen" noem, daarmee bely: "Jesus is die Here." (vs. 3)

Niemand in SA sal sy werk verloor as jy sê "Jesus is die Here" nie, maar in Korinte kon jy dalk jou werk sowel as jou lewe daardeur verloor. Hierdie belydenis maak elke gelowige deel van die gemeente van God. Hoe leef ons binne hierdie familie, hierdie tempel, hierdie liggaam as Christene? Wanneer ons bely dat Jesus ons Here is, watter invloed het dit op ons daaglikse lewe? As ek soos die mense van Korinte bely dat Jesus die Here is, het dit bepaalde implikasies vir my hele lewe. Vroeër in die brief sien ons dat hierdie verhouding my deel maak van die gemeente, dat ek nou die tempel van God is en hoe dit ook implikasies het vir hoe ek my liggaam hanteer.

Die uitspraak, "Jesus is Here", was dus vir hulle 'n radikale geloofsbelydenis. Daarmee het so iemand radikaal gebreek met sy vroeëre heidense verlede. Sy hele lewe sou nou anders wees.

(Willem Botes)

Retief Burger en Riana Nel sing: U is my God: https://www.youtube.com/watch?v=eZ2MOgyLy_E

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE